

Vrydag 28 Julie

Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:1-9

Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:2; HK Sondag 26, Antwoord 71

Onderdompeling of besprinkeling?

By die doop van 'n persoon word met onderdompeling bedoel dat die dopeling so diep in die water ingedruk word dat sy/haar hele liggaam met water bedek word. Daarteenoor word by besprinkeling slegs 'n klein hoeveelheid water op die dopeling se voorkom gedrup of gegiet.

By die meeste reformatoriese kerke word onderdompeling en besprinkeling albei as wyses van doopbediening aanvaar. Dit blyk daaruit dat albei vorms van doopbediening goedkeurend soos volg in die doopformulier genoem word. “Dit (die weergeboorte) word ons geleer deur die indompeling in en besprinkeling met die water ...” Die verskil met sommige voorstanders van die onderdompeling is dat hulle sê dat die doop *slegs* deur onderdompeling mag geskied, terwyl die standpunt van genoemde kerke is dat dit deur onderdompeling of besprinkeling kan geskied.

Dit is ongetwyfeld waar dat die doop deur onderdompeling 'n duideliker afbeelding as die besprinkeling is van die dopeling se sterwe met Christus en sy opstanding met Hom tot 'n nuwe lewe (vgl. Rom. 6:3, 4; Kol. 2:12). Tog moet ons nie van onderdompeling 'n beginselsaak maak nie, en wel om die volgende redes:

- Dit is nie die water wat ons sondes afwas nie, maar alleen die bloed van Christus. Johannes (1:1-7) sê uitdruklik: “Die bloed van Jesus, sy Seun, reinig ons van elke sonde.” Die water is net 'n teken en 'n seël wat na die bloed van Christus heenwys. Of daar dus baie water of 'n bietjie gebruik word, maak nie eintlik saak nie.
- Die geestelike weldaad wat deur die doop afgebeeld word, word nie net die *afwassing* van die sonde genoem nie, maar ook die *besprinkeling* met die water en met die bloed van Christus. So lees ons in Esegieël 36:25: “Ek sal reinigingswater oor julle uitgooi sodat julle rein kan word.” Die skrywer van die Hebreërbrief (12:24) sê dat die Nuwe-Testamentiese gelowiges gekom het “by Jesus, die Middelaar van die nuwe verbond en by die besprinkelingsbloed wat van iets beters getuig as die bloed van Abel”. Lees ook 1 Petrus 1:2 hierbo.
- Hoewel die doop aanvanklik deur onderdompeling bedien is, het dit van die vroegste tye af in die kerk ook deur besprinkeling geskied as daar nie genoeg water was nie, of as dit aan siekes op hulle beddens bedien is. In die *Didache* wat aan die einde van die eerste eeu geskryf is, word die volgende voorskrif gegee: Doop in stomende of ander water, in koue of warm water. En as dit nie beskikbaar is nie, “giet dan drie maal op die persoon se kop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees”.